

# CFA-INSTITUUT SE VERKLARING VAN BELEGGERSREGTE

Die CFA-Instituut se "Verklaring van Beleggersregte" is ontwikkel om verbruikers bewus te maak van die gedragstandaarde wat hulle van verskaffers van finansiële dienste behoort te verwag. Dié regte vind oorsprong in die basiese beginsels van etiek – van kritiese belang vir die handhawing van vertroue in enige professionele verhouding. Die lys van regte het strekking oor finansiële produkte en dienste soos navorsing vir beleggingsbestuur, navorsing en advies, persoonlike banksake, versekering en vaste eiendom. Sodra jy beleggings beplan of in konsultasie tree met 'n makelaar, 'n bankrekening oopmaak of 'n huis koop, word die Verklaring van Beleggersregte die instrument wat jou help om die inligting te kry wat jy soek, en om die diens te ontvang waarop jy geregtig is en kan staatmaak. **Jou aandrag dat finansiële praktisyns hierdie regte handhaaf, versterk jou vertroue in die persoon of firma waarmee jy werk, en dra by tot die herstel van wedersydse vertroue, respek en integriteit in die finansiële bedryf.**

## TYDENS DIE AANNEEM VAN DIENSTE WAT VOORSIEN WORD DEUR PROFESSIONELE FINANSIËLE PRAKTISYNS EN INSTANSIES, IS EK GEREKTIG OP...

1. **Eerlike, bevoegde, en etiese gedrag wat aan die toepaslike wetgewing voldoen.**
2. **Selfstandige en onpartydige aanbevelings en ondersteuning gebaseer op oorwoë ontleding, omsigtige oordeel, en bewuste toewyding.**

Al verskil finansiële wette en regulasies rondom die wêreld, het elke belegger die reg om eerlikheid van finansiële praktisyns te verwag. Hierdie reg op eerlike antwoorde op vrae, impliseer ook die verwagting dat finansiële praktisyns deursigtig en openhartig sal optree.

In die volmaakte situasie sou finansiële praktisyns sorg dat jy oor al die informasie beskik wat jou finansiële besluitneming kan beïnvloed, plus alle informasie met betrekking tot finansiële besluite wat namens jou geneem word.

Finansiële raadgewers moet hulle besluite baseer op:

- Omvattende gesprekke met jou oor jou behoeftes en omstandighede
- Diepgaande ontleding van jou behoeftes en omstandighede
- Weldeurdagte aanbevelings van produkte en dienste wat aan jou behoeftes sal voldoen
- Omsigtige en houdbare oordeel in die keuses van produkte en dienste vir jou behoeftes en omstandighede.

3. **My finansiële belange geniet voorrang bo dié van die finansiële raadgewer en die instansie.**

As eienaar van die geld of bates in 'n finansiële transaksie, weeg jou belange swaarder as die belange van die finansiële praktisyn en haar of sy instansie. Dit is deur toegewyde werk en diensverlening ter bevordering van jou belegging dat finansiële praktisyns jou vertrou en voortgesette besigheid verdien. Jou geld betaal die praktisyns se salarisse en rekeninge, en jou belange geniet voorrang bo hulle persoonlike belange.

4. **Billike behandeling met betrekking tot ander kliënte.**

Billike behandeling impliseer nie altyd eenvormige behandeling nie, veral nie met betrekking tot finansiële praktisyns se kliëntebasis nie. Kliënte se behoeftes en vatbaarheid vir risiko's verskil – die resultaat is beleggingsportefeuljes wat baie van joune gaan verskil. As kliënte met meer gewaagde portefeuljes hoër opbrengste as jy verdien, of as portefeuljes met minimale risikoblootstelling beter doen wanneer finansiële markte daal, is dit nie raadsaam om dit as onbillike behandeling te beskou nie.

Billikheid beteken ook dat jy nooit voel asof jy gedwing word om finansiële besluite onder druk te neem nie.

5. **Die openbaarmaking van enige bestaande of potensiële konflik van belange in die voorsiening van produkte of dienste aan my.**

Finansiële praktisyns se aanbevelings behoort uitsluitlik gerig te wees op die bevordering van jou belange, jou finansiële omstandighede en jou finansiële doelwitte; advies mag nie op 'n finansiële praktisyn se persoonlike belange berus nie. Alle finansiële praktisyns se belange in hulle werk is die betaling wat hulle daarvoor ontvang. Daarom moet jy altyd 'n finansiële praktisyn vra om te verklaar hoe hulle vergoed word (bv. deur kommissie, vaste fooie, ens.) sodat julle die beste balans vir mekaar se finansiële belange kan vind.

'n Finansiële praktisyn moet jou duidelike kennis gee van enige bestaande of potensiële konflik van belange. Sulke konflik kan nie in alle gevalle vermy word nie, daarom moet die verklaring verder strek as 'n beskrywing van belange; die informasie moet die stappe beskryf wat geneem word om die situasie met jou belange te versoen.

Algemene voorbeelde van potensiële konflikte van belange sluit in:

- Vergoeding volgens verkope in plaas van prestasie. Finansiële praktisyns se vergoeding word dikwels nie bereken volgens die prestasie van jou beleggings nie maar volgens die aantal beleggings wat hulle aan jou verkoop het of volgens die bedrag geld wat jy by hulle belê het
- Die verkoop van finansiële produkte wat 'n hoër opbrengs aan die finansiële praktisyns bied in plaas van bykans identiese maar goedkoper produkte.

**6. 'n Begrip van my omstandighede, sodat enige aanbevelings vir my geskik is en op my finansiële doelwitte en beperkinge geskoei is.**

Die feite waarop finansiële praktisyne hulle besluitneming baseer, is direk verwant aan jou finansiële omstandighede, behoeftes en doelwitte. Jy behoort gemaklik te voel met finansiële aanbevelings en as jy nie is nie, het jy die reg om jou twyfel daarmee met die finansiële praktisyne te deel, sodat jy kan vasstel hoe die advies jou en jou omstandighede raak. Die beste manier om seker te maak jy verstaan die advies, is om die beleggingsplan wat vir jou uitgewerk word, op skrif by die finansiële praktisyne te verkry. Dié plan staan algemeen as die Beleggings-beleidsverklaring (PDF) bekend. As jy nie 'n Beleggings-beleidsverklaring ontvang het nie, vra jou finansiële praktisyne om een te skep. Indien jy eers onlangs 'n finansiële praktisyne aangestel het, maak seker dat julle die plan in oorleg met mekaar opstel.

**7. Duidelike, akkurate, volledige en stipte kommunikasie wat eenvoudige taal gebruik en aangebied word in 'n formaat wat die informasie doeltreffend oordra.**

Jou begrip van die prestasie van 'n finansiële produk soos 'n tjekrekening, lewensversekeringspolis, trust- of fondsprodukte, berus op jou begrip van die inligting wat jou finansiële praktisyne of instansie voorsien. Jy moet dus kommunikasie ontvang – elektronies, skriftelik, mondelings of anders – wat vir jou sin maak. As dit nie sin maak nie, het jy die reg om vrae te stel, vir 'n uiteensetting te vra, en te wag tot al die inligting duidelik is voordat jy aanbevelings aanvaar.

**8. 'n Uiteensetting van alle fooie en kostes vir my rekening, en verklarende inligting wat bewys dat dié uitgawes billik en redelik is.**

Jy het die reg om die kostes van jou beleggingsprodukte en -dienste ten volle te verstaan. Dit is selfs van toepassing op eenvoudige finansiële produkte soos tjekrekenings. Finansiële praktisyne moet bevoeg wees om:

- Te bewys dat jou fooie dieselfde geskeduleer is as alle ander kliënte wat soortgelyk aan jou is
- Te bewys dat jy nie meer betaal as ander kliënte met ewe groot rekeninge nie
- Inligting te deel oor mededingers se fooie en kostes op soortgelyke produkte, indien dit tot openbare beskikking is

**9. Vertroulikheid van my informasie.**

Jy het die reg op privaatheid van jou persoonlike en finansiële informasie. Slegs finansiële praktisyne en hulle personeel wat direk betrokke is by besluitneming of verslagdoening oor beleggings behoort toegang tot jou persoonlike en finansiële informasie te hê. Jou persoonlike finansiële informasie mag slegs aan ander verskaf word as dit kragtens 'n wet vereis word, soos deur 'n dagvaardiging of deur 'n reguleerder met geldige regsbevoegdheid.

10. **Toepaslike en volledige rekords ter ondersteuning van die werk wat namens my verrig is.**

Finansiële praktisyns wat namens jou werk, moet die volgende boekstaaf en geredelik aan jou beskikbaar stel:

- Alle inligting wat aan jou verskaf is
- Alle produkte wat met jou bespreek en aangebied is
- Enige besluite wat jou finansies kan affekteer of jou finansies geaffekteer het (met inbegrip van besluite waar jy 'nee' sê vir die produk of advies). Enige en alle ander tersaaklike inligting